## Sessie 5.

## Die kerk in die derde en vierde eeu.



Die Reformasie van 1517 tot die insig gebring dat die kerk voortdurend besig is om te hervorm (*Semper Reformanda*). Die kerk was nooit op sig self die doel van mense se geloofslewe nie, maar 'n middel tot 'n doel. Ons bely ons geloof in God en nie in die kerk nie. Ons glo wel aan 'n kerk en daar is 'n groot verskil tussen die twee. Wat is die kerk se doel? Wat was die Here se bedoeling daarmee? Jesus se eie lewe en bediening help ons hiermee. Die Evangelies getuig van hoe mense in nood na Jesus toe gekom het om by hom rus, vrede en sin te vind. Lees Matteus 9:35-38 asook Matteus 11:28-29. Wat sou hiervolgens die kerk se doel wees? Binne die geloofsgemeenskap van die kerk het mense hulle roeping ontdek (*ekklesia*) en geestelik gegroei om sout vir die aarde en lig vir die wêreld wees. Wat dit presies beteken moes gelowiges voortdurend persoonlik en saam onderskei. In hierdie sessie gaan ons na die storie van die kerk in die derde en vierde eeu kyk wat gekenmerk is deur die formalisering van die kerk se struktuur en teologie asook die formasie van die Bybel.

Teen die derde eeu (200-300 nC) het die kerk gegroei van 'n klein Joodse gemeenskap in Jerusalem, na 'n diverse gemeenskap wat binne die Romeinse Ryk na Klein-Asië en Europa versprei het. Net binne die eerste 270 jaar het die kerk al reeds ingrypend verander. Dit is vir ons vandag belangrik om in te sien dat die kerk se storie nog altyd nou verweef was met die gebeure van hulle hede en het dus nooit los van die groter politieke, ekonomiese en maatskaplike realiteit van die antieke wêreld gestaan nie. Vandag gaan ons uit die hoek van die groter realiteit van die Romeinse Ryk na die kerk se storie kyk. Wat is jou indruk daarvan en hoe praat dit met jou oor die kerk binne die groter realiteit van die wêreld waarin ons leef?



Reg van die begin van die kerk het die Romeinse Ryk 'n baie groot invloed gehad in die kerk se vorming. Vanaf keiser Augustus, wat in die tyd van Jesus se geboorte aan bewind gekom het tot by keiser Konstantyn (303-337 nC) was daar 54 keisers.

Die vinnige groei van die Christendom in die derde en vierde eeu was vanweë die goeie infrastruktuur van deur die Romeinse Ryk. Dit het interessant genoeg nie op dieselfde manier na die Partiese Ryk in die Ooste uitgebrei nie. Die godsdiens van die Romeinse Ryk voor 300 was paganisme waarin vele gode (Jupiter, Mars, Venus ens) deur rituele, offers en feeste by tempels aanbid is. Die ou Griekse gode soos Zeus is ook aangeneem. Die keiser het die naam *pontifex maximus* gedra. Hy was nie alleen die politieke leier van die ryk nie maar was ook die hoogste godsdienstige gesag. Sommige van die keisers soos Augustus en Julius Caesar is na hulle dood self tot gode verklaar.

In die tweede eeu het die Romeinse owerhede begin kennis neem van die bestaan en invloed van Christene. Kyk weer na Plinius se brief (112 nC) in sessie 4. Hulle is sporadies vervolg waar hulle geweier het om aan gode offers te bring. In die derde eeu (200-300 nC) sou gebeure rakende die Romeinse Ryk die kerk grootliks beïnvloed.

Die Romeinse krisis van die derde eeu (235–284 n.C.)

Hierdie tydperk word soms die “Keiserkrisis” of “Krisis van die Derde Eeu” genoem en vanweë baie spesifieke omstandighede dié uitdagendste tyd van die Romeinse Ryk:

<u>Politieke krisis</u>

- 26 keisers binne ongeveer 50 jaar
- Die meeste het die troon deur militêre staatsgrepe verower

- Baie het net maande regeer voordat hulle vermoor is
- Plaaslike generaals het hulleself as keisers verklaar (opstandelinge oral)
- Die staat het sentrale beheer verloor.

<u>Militêre krisis</u>

- Deurlopende burgeroorloë tussen mededingende keisers
- Grensdreigings het toegeneem (Die Gote en Franke)
- Rome moes op te veel fronte gelyk veg.

<u>Ekonomiese krisis</u>

- Koste van oorlog en politieke chaos het die ekonomie vernietig
- Ernstige inflasie deur vervalste munt
- Handelsstremming
- Hoë belasting
- Landbou in sommige gebiede het agteruitgegaan

<u>Maatskaplike krisis</u>

- Pes (veral die Pes van Cyprian, 249–262) het miljoene mense gedood
- Bevolkingsafname
- Dorpe is verlaat
- Groot gaping tussen ryk en arm
- Mense het na die platteland gevlug vir veiligheid

In die lig van die Romeinse krises van die derde eeu was die hoop dat hulle godsdiens die eenheid van die ryk sou handhaaf en beskerm. Die gevolg is dat Christene, wat as 'n bedreiging vir die Ryk gesien is, toenemend vervolg. Vele ou kerkvaders het vanaf die eerste tot derde eeu 'n marteldood gesterf.

- Ignatius van Antiochië († c. 110–117 n.C.). Biskop van Antiochie. Hy is na Rome geneem waar hy gemartel en deur wilde diere verskeur is.

- Polykarpus van Smyrna († 155/156 n.C.). Biskop van Smyrna en dissipel van die apostel Johannes. Verbrand en gesteek nadat hy geweier het om Christus te verloën.

- Klemens van Rome († laat 1ste eeu? – onseker). Tradisioneel geglo dat hy verdrink het toe hy met 'n anker in die see gegooi is.

- Justinus die Martelaar († 165 n.C.). Christelike filosoof en apologeet. Hy is deur Marcus Aurelius onthoof.

Vanaf 303 tot 311 was daar 'n laaste, maar intense periode van die vervolging van Christene. Daar is egter besef dat die vervolging van Christene geen meer voordele vir die Romeinse Ryk ingehou het nie en eerder die Ryk verder gefragmenteer het.

- In 311 het Galerius 'n edik van godsdiensvryheid uitgevaardig waarin Christene nou openlik kon vergader en hulle godsdiens beoefen.
- In 312 het keiser Konstantyn by die Slag van Milvische Brug 'n visioen gehad van 'n Christelike simbool wat volgens hom die rede vir sy oorwinning oor Maxentius. Dit het Konstantyn se gesindheid teenoor die Christendom verander.
- In 313 volg die Edik van Milaan, waarin keiser Konstantyn 'n godsdiensvryheid in die Romeinse Ryk afkondig om sodoende stabiliteit in die Romeinse Ryk te bring.
- In 325 word die eerste ekumeniese geloofsbelydenis opgestel in Nicea (geloofsbelydenis van Nicea). Keiser Konstantyn het die ideaal gekoester dat die Christendom die Romeinse Ryk sou verenig, maar is gou ontnugter deur die groot verskille en twispunte binne die kerk. In die jaar 325 het hy by die 300 biskoppe van reg oor die Romeinse Ryk uitgenooi om hulle strydpunte uit te sorteer.

- In 380 onder keiser Theodosius I (379–395) het die Romeinse Ryk amptelik Christelik geword (Niceaanse Christendom). Theodosius het deur die Edik van Thessalonika die Niceense geloofs tot amptelike staatsgodsdiens verklaar.

**Hoe het dit die kerk geraak?**

1. Die kerk het beskerming en voorregte gekry. Die keisers ná Konstantyn het die kerk:

- belastingvrystelling gegee,
- finansieel ondersteun,
- wettige status gegee,
- grond en geboue geskenk

2. Keisers het aanspraak gemaak op gesag binne kerksake

Hoewel biskoppe die geestelike leiers was, het keisers aktief geraak in:

- die belê van konsilies (bv. Konstantyn by Nicea 325),
- die afdwing van besluite oor leerstellings,
- die hantering van dwaalleer (Arianisme, Donatisme, ens.),
- soms die aanstelling of goedkeuring van belangrike biskoppe.

3. Heidense aanbidding is beperk en later verbied. Dwaalleer is as misdaad teen die staat gesien.

**Belangrike gebeure in die vierde eeu:**

1. Die eerste kerkgeboue word gebou waaronder:

- Die St. Peter basilika in Rome in 320 (Petrus se graf).
- Die kerk van die Geboorte in Betlehem in 327 (plek waar Jesus gebore is)
- Die kerk van die Heilige Graf in Jerusalem in 335 (plek waar Jesus se graf was).

2. Die skopus (boeke) van die Bybel word geformaliseer.

363 n.C. – Raad van Laodicea

- 'n Streekraadsvergadering lys kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament.
- Eerste plaaslike poging om die kanon te formaliseer, al is dit nie universeel nie.

367 n.C. – Athanasius se 39ste Feesbrief

- Lys presies die 27 Nuwe Testament-boeke soos vandag erken.
- Baie invloedryk in die standaardisering van die Nuwe Testament-kanon.

393 n.C. – Raad van Hippo

- Noord-Afrika raad erken formeel die 27-boeke Nuwe Testament.
- Bevestig Athanasius se lys in 'n amptelike raadsvergadering.

397 n.C. & 419 n.C. – Raad van Karthago

- Bevestig dieselfde kanon vir wyer Noord-Afrika kerke.
- Teen hierdie tyd is die 27-boeke Nuwe Testament en die Septuaginta-gebaseerde Ou Testament grootliks erken.

4. Die eerste ekumeniese geloofsbelydenis: Die geloofsbelydenis van Nicea.

Die Geloofsbelydenis van Nicéa



Hoewel hierdie geloofsbelydenis die naam dra van die plek Nicéa [Klein-Asië] waar in die jaar 325 die eerste ekumeniese konsilie gehou is, is dit nie letterlik die belydenis wat op die konsilie opgestel is nie. Dit het ná 362 ontstaan en is uitgebrei op die tweede ekumeniese konsilie te Konstantinopel [381], terwyl nog later "en die Seun" [by die uitgaan van die Heilige Gees] daaraan toegevoeg is. Dit word daarom ook die "Niceno- Constantinopolitanum" genoem.

Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde, van alle sienlike en onsienlike dinge; en in een Heer, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye; (God uit God) Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, verwek, nie gemaak nie, een in wese met die Vader;
deur wie alle dinge ontstaan het; wat ter wille van ons, die mens, en ter wille van ons saligheid, neergedaal het uit die hemel, vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria, en mens geword het, wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely het en begrawe is; en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte; wat opgevaar het na die hemel, en wat sit aan die regterhand van die Vader;
wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het, wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie;
en in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, wat gespreek het deur die heilige profete.
Ons glo aan een heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels. Ons bely een doop tot vergifnis van sondes; ons verwag die opstanding van die ontslapenes, en die lewe van die toekomstige eeu.

Amen

**'n Paar belangriike kenmerke van die Niceaanse geloofsbelydenis:**

1. God is een Wese in drie Persone (die Drie-eenheid)

- Vader
- Seun
- Heilige Gees

Al drie is volledig God, ewig, en van dieselfde wese (homoousios).

2. Jesus Christus is volkome God én volkome mens

Dit verwerp die idees dat Jesus:

- 'n geskape wese was,
- slegs 'n profeet was,
- of minder goddelik as die Vader is.

Nisean Christelikheid bely dat:

- Jesus is "God uit God, Lig uit Lig,"
- "waaragtige God uit waaragtige God,"
- "gebore, nie gemaak nie."

3. Verlossing kom deur Jesus se menswording

Jesus het mens geword, gesterf en opgestaan:

- vir die verlossing van die mensdom,
- om sonde en dood te oorwin.

4. Die Heilige Gees is volkome goddelik

Die Gees is nie net 'n krag of 'n mindere wese nie, maar:

- "die Here, die Lewendmaker,"
- gelyk aan die Vader en die Seun.

5. Die Kerk is een, heilig, algemeen en apostolies

"Algemeen" beteken hier universeel.

**Hoe praat die storie van die vroeë kerk met jou oor die kerk van vandag en jou deelwees daarvan?**



..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

**Gebed**

Here God, U is die Een wat die liggaam van Christus vorm —
nie volgens ons voorkeure nie, nie volgens ons gemak nie,
maar volgens U wysheid en U Gees.

Dankie dat die Heilige Gees ons saamweef
tot één liggaam, met verskillende gawes,
verskillende stories, verskillende persone
wat ons nooit self sou kies nie.
Maar U kies hulle. U bring hulle in.
U maak ons één. Help ons verstaan dat ons eenheid nie lê in ons prestasies nie,
maar in die feit dat ons almal sondig is en onder dieselfde genade staan wat
vergewe en herstel bring.

Leer ons om nie neer te sien op die deel van die liggaam
wat anders lyk of anders dink nie.
Help ons om elke lid te eer, elkeen te dra,
elkeen se pyn te voel, en elkeen se vreugde te vier.

Amen.